

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(NOORD-KAAPSE AFDELING)**

KIMBERLEY
SAAK NO.: CA&R 197/03
DATUM: 06-02-2004

In die saak van:

GRIFFITHS CHOCHÉ

APPELLANT

teen

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM: LACOCK R et WILLIAMS R :

UITSPRAAK

WILLIAMS R:

Die Appellant Mnr. Griffiths Choche is op 23 Augustus 2002 in die Streekhof te Kimberley skuldig bevind aan:

Aanklag 1) Diefstal van diamantdraende gruis waarvan die waarde onbekend is;

Aanklag 2) Diefstal van 25 ongeslypte diamante ter waarde van R11 114,00 ; en

Aanklag 3) Die onwettige besit van 25 ongeslypte diamante.

Die Appellant is gevonnissen ten opsigte van aanklag 1 tot een (1) jaar gevangenisstraf en ten opsigte van aanklagte 2 en 3 wat saamgeneem is vir doeleindes van vonnis, tot twee (2) jaar gevangenisstraf. Effektiewelik is hy dus gevonnissen tot drie (3) jaar gevangenisstraf. Die Appellant kom nou in hoër beroep slegs teen die vonnis opgelê.

Met die deurlees van die oorkonde het dit vir ons duidelik geword dat hier 'n moontlike verdubbeling van skuldigbevindings is wat betref aanklagte 1 en 2.

Die Appellant het ten tye van die voorval gewerk as “*grease belt attendant*” by die De Beers Herwinningsaanleg te Kimberley. Vir sekuriteitsdoeleindes is daar 'n videokamera in die herwinningsaanleg geïnstalleer wat gefokus het op die area rondom die sogenaamde “*hot box*”, 'n houer wat diamantdraende gruis bevat.

Die Appellant is op videoband betrap, tesame met twee ander werknemers onder wie 'n sekuriteitsbeampte, ene Grobbelaar, waar hy teenstrydig met normale prosedure van hierdie diamantdraende gruis met 'n graaf vanuit die “*hot box*” verwyder het en geneem het na 'n plek buite die opvangsgebied van die videokamera.

Ongeveer vyf dae daarna en sonder dat enige verdere ongerymdhede op video waargeneem is, is die Appellant se sluitkas

op die perseel gevisenteer deur sekuriteitspersoneel en polisiebeamptes en is daar beslag gelê op 25 ongeslypte diamante en een waardelose stuk gruis wat in papier toegedraai was.

Sonder om in te veel detail te gaan oor die herwinningsproses van diamante is die getuienis dat die gruis, wanneer dit in die “*hot box*” beland, ‘n hoë konsentrasie diamante bevat, wat, wanneer die mengsel afgekoel het, maklik deur ‘n kenner geskei kan word van die gruis.

Die moontlikheid kan dus nie uitgesluit word dat die diamante wat in Appellant se sluitkas gevind is geneem is vanuit die diamantdraende gruis wat betrekking het op aanklag 1. Dit blyk ook die Staat se saak te gewees het soos voorkom uit ‘n stelling gemaak deur die staatsaanklaer aan die Appellant omtrent die diamante in sy sluitkas gekry.

“Ek stel dit verder aan u dat die diamante wat daar gekry is het u self daar geplaas . . . Dis nie ek wat dit daar geplaas het nie. Ek weet nie van waar af dit kom nie.

Ek sal vir u sê dit kom uit die gruis wat u verwyder het . . .”

(Sien oorkonde bl. 137 (22-25)).

Artikel 83 van die Strafproseswet 51 van 1977 maak voorsiening daarvoor dat die aanklaer soveel aanklagte kan bring teen ‘n beskuldigde as wat geregverdig word uit die feite wat moontlik bewys sal kan word, maar aan die einde van die saak is dit die taak van die hof om te beslis of daar ‘n misdaad bewys is en welke misdaad bewys is en hoeveel misdade bewys is. Sien *S vs Grobler en ‘n ander* 1966(1) SA 507A in die verband.

Beide Mnr. Van Heerden wat namens die Appellant verskyn het en Mnr. Roach wat die Staat verteenwoordig gee toe dat die enigste redelike afleiding wat gemaak kan word uit die getuienis is dat die diamante wat die onderwerp vorm van aanklag 2 dieselfde is as die onder aanklag 1 en dat skuldigbevindings aan beide hierdie aanklagte dus neerkom op 'n onbehoorlike verdubbeling van skudingbevindings.

Hierdie Hof is bevoeg om uit hoofde van ons inherente hiersieningsmagte die skuldigbevindings reg te stel. Dit volg na my mening ook net logies dat die skuldigbevinding ten opsigte van aanklag 2 tersydegestel moet word en dat daar nou 'n waarde van R11 114,00 gekoppel kan word aan die diamantdraende gruis in aanklag 1.

Aangesien die skuldigbevinding ten opsigte van aanklag 2 dan nou wegval en die verhoorlanddros aanklagte 2 en 3 saamgeneem het vir doeleindes van vonnis is die regsverteenwoordigers dit eens dat ons dus nou vonnis *de novo* moet oorweeg.

Mnr. Van Heerden betoog dat gevangenisstraf in die omstandighede onvanpas is. Die Appellant is 'n 36 jarige eerste oortreder en is hoofsaaklik belas met die onderhoud van sy twee minderjarige kinders. Hy het ook as gevolg van hierdie voorval sy werk verloor. Die diamante is ook teruggekry Hierbenewens voer Mnr. Van

Heerden aan dat Grobbelaar, die sekuriteitsbeampte wat saam met Appellant betrokke was met die diefstal van die diamantdraende gruis in 'n aparte verhoor skuldig bevind is en gevonnissen tot 'n boete van R8000,00.

Mnr. Roach wat bevestig dat Grobbelaar 'n boetevonnis van R8000,00 opgelê is betoog dat direkte gevangenisstraf nie ongehoord is selfs vir eerste oortreders in gevalle soos hierdie waar daar van die werkgewer redelike hoë bedrae gesteel word nie. Hy argumenteer ook dat daar 'n onderskeid getref kan word tussen Grobbelaar en die Appellant in die sin dat daar nie voorafbeplanning aan die kant van Grobbelaar was nie, dat Grobbelaar skuldig gepleit het en slegs aan een aanklag skuldig bevind is.

Ek stem saam met Mnr. Roach dat direkte gevangenisstraf vir eerste oortreders in gevalle soos hierdie nie noodwendig onvanpas is nie. Sien *S vs Levey* 1993(2) SASV 498A.

Ons kan egter nie net ignoreer die vonnis Grobbelaar opgelê nie. Ons hoewe het by meer as een geleentheid beklemtoon dat tensy daar goeie gronde daarvoor bestaan, by vonnisoplegging vir beskuldigdes met min of meer dieselfde graad van deelname aan 'n misdryf, daarteen gewaak moet word om nie merkbare verskillende vonnisse op te lê nie. (*S v Goldman* 1990(1) SACR 1(A), *S vs Nkgadimeng* 1998(1) SASV 274 TPA, *Hansen vs The Regional Magistrate, Cape Town and Another* 1999(2) SACR 430 CPD).

Alhoewel Grobbelaar nie in besit gevind is van enige diamante nie

het hy uit hoofde van sy posisie as 'n sekuriteitsbeampte in 'n hoër vertrouensverhouding gestaan teenoor sy werkgewer, wat sy deelname aan die diefstal soveel meer verwytbaar maak as die van die Appellant. Alle relevante feite in aggeneem is daar na my mening maar weinig onderskeid in die posisies van hierdie twee mans en bestaan daar geen rede waarom Grobbelaar 'n boetevonnis opgelê word en die Appellant sy vryheid moet inboet met direkte gevangenisstraf nie.

Mnr. Van Heerden deel ons mee dat die Appellant tans weer werk bekom het en wel 'n soortgelyke boete as Grobbelaar sal kan bekostig indien hy die geleentheid gegun word om dit in paaielemente te betaal.

In die omstandighede word die volgende bevele verleen.

- a.) Die skuldigbevinding ten opsigte van aanklag 2 word tersyde gestel.
- b.) Die skuldigbevinding ten opsigte van aanklag 1 en aanklag 3 word bekragtig.
- c.) Die vonnis die Appellant opgelê word tersydegestel en vervang met die volgende:

“Aanklag een en aanklag drie word saamgeneem vir doeleindes van vonnis en die beskuldigde word gevonniss tot die betaling van 'n boete van R8000,00 of twee (2) jaar gevangenisstraf. Die betaling van die boete moet as volg

geskied:

R2000,00 voor of op 9 Februarie 2004. Die balans van R6000,00 betaal te word in paalemente van R1000,00 per maand betaalbaar voor of op die laaste dag van elke daaropvolgende maand.”

C.C. WILLIAMS
REGTER

Ek stem saam.

H J LACOCK
REGTER

Nms. Appellant:
Nms. Respondent:
Datum aangehoor:

Adv. Van Heerden
Mnr Roach
26-01-2004